# NG KERK BERG-EN-DAL
# PROSEDURES EN FOOIE VIR BEGRAFNISSE & GEDENKDIENSTE
# KERKRAAD GOEDKEURING MAART 2026

Die heengaan van lidmate, en waar Berg-en-Dal bewus sou word van ‘n familielid van lidmate òf iemand anders behoeftig uit die gemeenskap, is ‘n tyd waarin ons as gemeente graag hulle wat afskeid moet neem en treur, pastoraal wil ondersteun. Die dood is ‘n besoeker wat nie sonder trauma kom of gaan. Die Bybel en voorbeeld van Jesus self, roep ons daarom op om op ‘n sensitiewe en respekvolle wyse teenwoordig te wees by hulle wat ly. Daarom is dit ook nodig dat ons ons verantwoord ten opsigte van begrafnisgebruike en die wyse waarop ons families bystaan om afskeid te neem, én ook die kostes wat daaraan verbonde mag wees.

In hierdie lig, is die die volgende uitgangspunte en praktiese reëlings vir begrafnisdienste (verassings- en gedenkdienste hierby ingesluit) deur die kerkraad goedgekeur:

## 1. Aanmelding en versoek:

1.1 Sou die leraars of ons as gemeente nie alreeds ‘n pad van sterwensbegeleiding met die betrokke lidmaat of familie geloop het nie, kan ‘n sterfte op een van die volgende wyses by Berg-en-Dal aangemeld word:

- Deur die familie/naasbestaandes by die leraars self
- Deur die familie/naasbestaandes by ‘n wyksleier (ouderling, diaken, leidster)
- Deur die familie/naasbestaandes by die kerkkantoor
- Deur die familie/naasbestaandes by ‘n begrafnisondernemer

1.2 ‘n Onderlinge reëling bestaan in die gemeente, en so word begrafnisondernemers ook versoek om so spoedig moontlik die betrokke leraar van Berg-en-Dal (of beide leraars) van die sterfte in kennis te stel.

1.3 Eers nádat die leraar(s) daarvan in kennis gestel is en hy/sy met die betrokke familie in verbinding was, kan reëlings oor ‘n datum en tyd (en plek) vir die diens getref word.

1.4 Die betrokke leraar gee dan kennis van verdere reëlings aan die personeel van Berg-en-Dal (terrein- en kantoorbestuurders, orrelis, klankoperateur) of die leraar kan die kantoorbestuurder versoek om dit na die res van die personeel te kommunikeer.

## 2. Verdere reëlings:

2.1 Die betrokke leraar kommunikeer met die familie/hulle met hom/haar oor die aard, verloop en inhoud van die diens, en soos nodig word reëlings aan ander betrokke personeellede deurgegee.

2.2 Dit staan die familie vry om ‘n leraar van hul keuse vir ‘n begrafnisdiens te kontak, en sou dit ‘n leraar van buite Berg-en-Dal wees, word dit in oorleg met die kerkkantoor/plaaslike leraars verder soos nodig aan betrokkenes gekommunikeer.

2.3 Die betrokke begrafnisondernemer kan ook met die leraar van keuse kommunikeer, onder andere oor die liturgiese besonderhede met die oog op ‘n programmetjie ens.

2.4 In geval van dienste in Berg-en-Dal, word wat begeleiding en musiek betref, voorkeur gegee aan die orrelis van Berg-en-Dal en geskied die kommunikasie daaroor direk tussen die leraar, kerkkantoor en orrelis. In geval ‘n familie ‘n eie keuse vir die begeleiding en/of begeleier het, moet dit vooraf met die leraar gekommunikeer en gekoördineer word. Indien daar spesiale behoeftes vir die inspeel van ‘n lied ens. is, moet dit ook behoorlik gekommunikeer word, o.a. met die klankoperateur en moet opnames vooraf getoets word (verkieslik ‘n dag voor die diens) – dit alles binne die raamwerk van wat Skriftuurlik en by die etos en karakter van ons gemeente sou inpas.

2.5 Reëlings rakende blomme, ‘n foto-uitstalling en -vertoning vooraf/tydens die diens, moet betyds met die terreinbestuurder en leraar getref word, en waar nodig ook met die klankoperateur, en die opstelling en toets van oudiovisuele toerusting daarvoor, moet betyds voor die diens afgespreek en gedoen word (verkieslik ‘n dag tevore).

2.6 Die kantoorbestuurder neem verantwoordelikheid om in oorleg met die betrokke leraar, inligting oor die begrafnisdiens en tee/koffie/troosbroodjies na die betrokke wyk en wyksleiers deur te gee, òf kan daar ook ‘n bestelling hiervoor by ‘n spysenier geplaas word. Die familie moet die behoeftes en getalle hierrondom kommunikeer; Berg-en-Dal sou kostegewys vir die basiese instaan.

2.7 In geval van ‘n verassings/gedenkdiens waar die as en kissie direk na afloop daarvan in die gedenkmuur geplaas gaan word, is dit die familie se verantwoordelikheid om betyds vooraf hieroor met die kantoor- en terreinbestuurders te kommunikeer (ten minste vier werksdae is vir voorbereiding van ‘n steentjie nodig).

**3. Kostes en vergoeding:**

3.1 Die kerkraad stel jaarliks die vergoedingsfooi vir die betrokke personeellede vas, en gee dit so deur aan al die begrafnisondernemers in die stad met die versoek om wanneer hul die families oor kostes ens. inlig, hul die besluite van Berg-en-Dal hieroor sal respekteer, naamlik dat ons aan families in rou, ‘n ondersteunende- en liefdesdiens wil bied.

3.2 In die vasstelling van fooie, het die kerkraad bestaande skale van koste en fooie van verskillende begrafnisondernemers in die stad en gemeentes in die omtrek, in ag geneem en word daar in billikheid teenoor alle betrokkenes gehandel (ook in toekomstige hersiening).

3.3 Fooie vir ‘n begrafnis van lidmate en nie-lidmate: (vanaf Maart 2026)

- Leraar — R 1 000.00 (onderhewig aan bevestiging met leraar)
- Reiskoste van leraar — R 4.50/km (vir reis buite Bfn, bv. na ‘n plaas)
- Orrelis — R 800.00 (maak seker van beskikbaarheid)
- Terreinbestuurder — R 500.00
- Werkersfooi — R 350.00 (per werker na-ure/naweke)

- Klankoperateur R 500.00 (in kerk)
- Lewendige uitsending R 1 200.00 (toerusting, uitsending en operateur)
- Opstelfooi vir projektor R 250.00 (geen *Apple laptop*)
  Let wel: Opstelfooie is addisioneel tot klankoperateur waar van toepassing

- Klankoperateur R 500.00 (in saal)
- Opstelfooi vir klank R 250.00 (indien klanktoets vooraf nodig is)
  Let wel: Opstelfooi is addisioneel tot klankoperateur waar van toepassing

  Standaardtyd vir klankoperateur en uitsendingsoperateur is 90 minute.
  Tarief verdubbel indien die geleentheid langer as 90 minute duur.
  Musiek/foto's moet op 'n USB of kliënt se eie toestel beskikbaar gestel word aan die klankoperateur.

- Nisse – enkel R 2 000.00
- Nisse – dubbel R 3 000.00
- Gravering op nissteen – vir familie se eie koste
- Terreinbestuurder R 150.00 (nissteen uithaal en terugplaas)
- Vervoerkoste R 200.00 (nissteen af te lewer en te gaan haal)

3.4 Addisionele fooie vir 'n begrafnis van nie-lidmate: (vanaf Maart 2026)

- Kerkgebou R 1 000.00
- Binnehof/Afdak R 500.00 (naweke: 08:00-22:00)
- Saal R 1 000.00 (sluit tafels en stoele in)
- Kombuis R 500.00
- Breekgoed – Doen navraag by Vrouediens vir verhuringslys
- Tafeldoeke – Doen navraag by Vrouediens vir verhuringslys

3.5 Hierdie fooie is wat die betrokke leraar en begeleiding/orrelis betref, ook van toepassing sou die familie iemand van buite Berg-en-Dal se personeel verkies, in welke geval die vergoeding van daardie persoon dan tussen die familie, die kerkkantoor en die betrokke leraar en/of orrelis gekommunikeer en gereël moet word.

3.6 Fooie betaalbaar word vooraf (een dag tevore) deur hetsy die familie òf die begrafnisondernemer aan die kerkkantoor oorbetaal vir verdeling soos van toepassing.

3.7 Sou dit in gesprekke tussen die betrokke leraar en die familie blyk (òf die leraar sodanig deur die kerkkantoor of begrafnisondernemer ingelig word) dat hulle nie in staat is om die vasgestelde fooie te kan betaal nie, berus dit in die diskresie van die leraar om met die gemeente se Getuienis- en Barmhartigheidsbediening (alimentasie) te skakel en hulp te probeer verleen wat minimum-kostes betref. Berg-en-Dal sou ook beskikbaar wees vir "armoede-begrafnisse", waar die gestorwene geen of weinig familie, heenkome of inkomste gehad het nie. Besluite hieroor word in oorleg met die Dagbestuur geneem.

## 3.8 Besonderhede van betrokkendes:

| | | |
|---|---|---|
| Leraar: | Ds. Jan Lubbe | 082 784 9362 |
| Leraar: | Ds. Johan Marais | 084 517 8052 |
| Jeugleraar: | Ds. Janke Hurter | 078 894 9166 |
| Skriba: | Denise Louw | 073 180 3193 |
| Kassier: | Marthina van Zyl | 072 397 1624 |
| Koster: | Pieter Wilken | 079 365 0969 |
| Orrelis: | Dr. Johan Cromhout | 083 274 6655 |
| Klankoprateur: | Rachelle Wilson | 082 732 8329 |
| Lewendige uitsending: | Tref reëlings met Denise Louw of Marthina van Zyl | |